**Notule** van die 2de Maandelikse vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes
gehou in die Raadsaal, Munisipale Kantore, Kerkstraat 15, Beaufort-Wes

op **Donderdag, 27 Februarie 2020**

om **10:14**

**Teenwoordig**:

**Raadshere** SM Motsoane [Speaker]
JJ van der Linde

**Raadslede** N Constable [Uitvoerende Burgemeester], Q Louw [Uitvoerende Onder-Burgemeester], L Deyce, O Haarvoor, MA Kilani, ZJD Lambert, E Lawrence, E Wentzel, AM Slabbert, Raadslid L Basson en DE Welgemoed

**Afwesig:** Geen

**In diens:** **Munisipale Bestuuder** [KJ Haarhoff], **Direkteur: Infrastruktuurdienste** [JFD Muller], **Direkteur: Finansiële Dienste** [CJ Kymdell], **Direkteur: Korporatiewe Dienste** [AC Makendlana], **Senior Bestuurder: Korporatiewe Dienste** [P. De V. Strümpher], **Senior Administratiewe Beampte** [K Fortuin] en **Hulp Sekretariaat: Komitees** [Winston Andrews]

Mnr. J. Muller open die vergadering met gebed. Die Speaker noem dat daar moet ‘n lys van geestelike leiers opgestel moet word sodat die vergadering op die gepaste wyse geopen kan word.

**1. Verkiesing van Waarnemende Speaker**

**GEEN**

**2. Aansoeke vir verlof vir afwesigheid**

Raadslid L. Deyce dui aan dat sy sal afwesig wees op 8 en 9 Maart 2020.

**3. Goedkeuring van Notules –**

**3.1 1STE GEWONE MAANDELIKSE VERGADERING VAN DIE PLAASLIKE RAAD VIR BEAUFORT-WES GEHOU OP DINSDAG, 28 JANUARIE 2020 VOORTSETTINGSVERGADERING VAN DIE 1STE GEWONE MAANDELIKSE VERGADERING VAN DIE PLAASLIKE RAAD VIR BEAUFORT-WES GEHOU OP DINSDAG, 4 FEBRUARIE 2020**
3/2/1/B

Raadslid N. Constable gesekondeer deur Raadslid M.A. Kilani stel voor dat item 3.1 en 3.2 goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**3.2 1STE GEWONE MAANDELIKSE VERGADERING VAN DIE PLAASLIKE RAAD VIR BEAUFORT-WES GEHOU OP DINSDAG, 28 JANUARIE 2020 VOORTSETTINGSVERGADERING VAN DIE 1STE GEWONE MAANDELIKSE VERGADERING VAN DIE PLAASLIKE RAAD VIR BEAUFORT-WES GEHOU OP DINSDAG, 4 FEBRUARIE 2020**
**[Afsonderlike Notuleboek]**
3/2/1/B

Afgehandel onder item 3.1.

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

Die Speaker meld dat alle vergaderings sal plaas vind soos per die skedule goedgekeur deur die Raad. Voorts dat daar na Murraysburg teruggekeur moet word vir 'n ter plaatse inspeksie. Dat die kragbokse wat bo teen die pale in Hillside 2 reggestel word so gou as moontlik.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Die Uitvoerende Burgemeester, Raadslid N. Constable noem dat die vergaderings met die belangegroepe steeds voortduur, daar is reeds 3 afgehandel en die volgende rondte begin op 8 Maart 2020.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS
9/1

A comprehensive presentation was done by Mr. P. Mafokeng from the Department of Communications regarding the Digital Migration.

Raadslid D. Slabbert verlaat die vergadering om 11:00 en sluit weer aan om 11:05.

Raadslid O. Haarvoor verlaat die vergadering om 11:12 en sluit weer aan om 11:17.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STAAT: JANUARIE 2020
5/1/2/1; 8/1/1/2/3

**dkd**

Raadslid N. Constable gesekondeer deur Raadslid Q. Louw stel dat die Artikel 71 Maandelikse Begrotingstaat vir Januarie 2020 goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

Die Speaker noem dat item 9, 10 en 11 hanteer sal word voor item 8 behandel word en verneem of enige Raadslid enige mosies of vrae het wat hanteer moet word.

## 9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES

**GEEN**

## 10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE

**GEEN**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

3/2/1/1

Raadslid N. Constable noem hy het 'n dringende mosie wat hy aan die Raad wil voorhou, indien die Speaker dit sal toe laat.

Die Speaker noem dat Raadslid N. Constable kan dit voorhou indien dit onder Artikel 40 van die Orde Reëls kan doen.

Raadslid N. Constable noem dat die mosie is ingevolge beide artikel 34 (1) en 40 van die Orde Reëls. Hy noem dat voor die mosie ingelees sal word, is daar 'n opname op sy sellulêre toestel wat deel uitmaak van die mosie.

Die Speaker verduidelik aan die Raad wat 'n Artikel 40 mosie behels. Die mosie moet getoets word in die vergadering en die meerderheid van die Raad moet 'n indikasie gee dat daardie mosie kan geld.

Die Speaker noem dat Raadslid N. Constable 'n dringende mosie inhandig en dit sal dan getoets word en dan kan daar voort gegaan word om die mosie te behandel.

Raadslid N. Constable speel die opname vanaf sy sellulêre toestel en lees dan die dringende mosie in die vergadering. Aangeheg as **Bylae 1** is die mosie dateer 27 Februarie 2020 soos voorgehou deur Raadslid N. Constable.

Die Speaker versoek die Raad om 'n indikasie te gee welke hierdie mosie voor die Raad kan dien.

Raadslid Z.J.D. Lambert noem dat hierdie is nie die eerste keer dat persone se name deur die modder gesleep word nie, indien hierdie mosie nie hanteer word nie, word die geleentheid geskep vir 'n ander Raadslid om dieselfde hanteer te word. Hierdie is 'n rassistiese aanval op die Uitvoerende Burgemeester N. Constable.

Raadslid Z.J.D. Lambert gesekondeer deur Raadslid Q. Louw stel voor dat die mosie kan dus voor die Raad dien.

Raadslid D. Slabbert gesekondeer deur Raadslid O. Haarvoor stel voor dat die Speaker moet konsekwent optree en noem dat sy het twee keer klagtes ingedien teen Raadslid M.A. Kilani.

Die speaker bied geleentheid vir teenvoorstelle waarop Raadslid A.M. Slabbert gesekondeer deur Raadslid D.E. Welgemoed voorstel dat die mosie van Raadslid N. Constable nie as dringende aanvaar word nie.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming en is die uitslag soos volg:

6 stemme ten gunste van die voorstel van Raadslid A.M. Slabbert gesekondeer deur Raadslid Welgemoed.

7 stemme ten gunste van die voorstel van Raadslid Z.J.D. Lambert gesekondeer deur Raadslid Q. Louw.

**ALDUS BESLUIT**

Die Speaker meld dat die mosie dus deur die Raad bespreek sal word.

Vervolgens versoek die Speaker ‘n koukus. Die vergadering verdaag om 11:30 en word hervat om 11:46.

By hervatting van die vergadering om 11:46 versoek die Speaker dat die publiek die vergadering verlaat aangesien hierdie mosie ter bespreking van ’n Raadslid is. Die Speaker versoek ook dat Raadslid D.E. Welgemoed die vergadering verlaat en dat hy kan terug keer nadat bespreking van die mosie afgehandel is.

Raadslid D.E. Welgemoed noem dat die prosedure wat die Speaker volg verkeerd is en nie in lyn is met wetgewing nie.

Raadslid O. Haarvoor noem dat die hele DA komponent die vergadering sal verlaat.
Die DA komponent verlaat die Raadsaal om 11:50.

Die Speaker noem dat die DA komponent het nie ‘n indikasie gegee welke hulle weer by die vergadering sal aansluit nie en hulle self net verskoon het van die vergadering sonder enige toestemming.

Raadslid Z.J.D. Lambert noem dat hierdie is nie die eerste keer dat die DA komponent die Raadsvergadering sonder toestemming verlaat nie. Dit is ‘n indikasie dat die DA komponent nie die raad se belange inagneem nie. Daar moet ‘n manier gevind word om dit te hanteer en dissiplinêr opgetree word vir sulke gedrag.

Raadslid M.A. Kilani noem dat daar moet voort gegaan word met ‘n ondersoek ten opsigte van die optrede van Raadslid D E. Welgemoed.

Die Speaker noem hy as die Speaker regsadvies sal inwin ten opsigte van die aangeleentheid en dat daar geen verdere gesprekke nou toegelaat sal word nie aangesien hy homself van sekere feite wil gewis. Die Raad sal dan byeen geroep word teen Woensdag, 4 Maart 2020 sodat hy die vergadering kan inlig met betrekking tot wat gedoen sal word.

Raadslid N. Constable noem dat hy gaan wel ander sake aanhangend maak teen Raadslid D.E. Welgemoed sowel as by die Mense Regte Kommissie. Daar sal ander opsie ondersoek word om te verseker dat Raadslid N. Constable se ouers se naam nie deur die modder gesleep word nie. Indien hierdie Raad hom nie gaan beskerm nie, sal ander opsies oorweeg word.

Raadslid Q. Louw versoek dat die Speaker binne sy bevoegheid ondersoek instel na Raadslid D.E. Welgemoed wat telkemaal die gedragskode verbreek en noem dat in die opname wat gespeel was deur die Burgemeester word daar duidelik verwys na die ANC wat inmeng in die Administrasie om te verhoed dat dissiplinêre prosesse gevolg word teen werknemers. Die ANC het nog geensins enige Direkteur of die Munisipale Bestuurder geïntimideer om enige dissiplinêre optrede te manipuleer nie. Raadslid Q. Louw versoek dus dat ‘n ondersoek geloods word dat Raadslid D.E. Welgemoed dissiplinêr aangekla moet word.

Die DA komponent sluit by die vergadering aan om 12:10.

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 SAMESTELLING VAN ARTIKEL 79 KOMITEES [STAANDE KOMITEES VAN DIE RAAD]

3/1/2/2

Raadsheer J.J. van der Linde noem dat ‘n kundige Ingenieur rapporteer dat dit is nie haalbaar vir een persoon om soms op drie tot vier stoele te sit nie. Raadslid Q. Louw versoek ‘n punt van orde en noem dat die Raadsheer J.J. van der Linde op verkeerde item die voormelde wil bespreek. Hierdie item is om die samestelling van die Artikel 79 komitees te bespreek.

**dkd** Raadslid N. Constable gesekondeer deur Raadslid Z.J.D. Lambert stel voor dat die status quo behou word met die Artikel 79 Komitees totdat die Raad ‘n finale besluit geneem het rakende die werkstruktuur.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

### 8.2 KENNISGEWING VAN KANSELLASIE VAN HUURKONTRAK: MOSTERT SKOEN BOETIEK BK

7/1/4

Die Speaker versoek dat Raadslid D. Slabbert die vergadering verlaat as gevolg van steurende gedrag. Raadslid D. Slabbert weier om die vergadering te verlaat.

Raadslid Q. Louw gesekondeer deur Raadslid L. Deyce stel voor:

**ba**

8.2.1 Dat die kennisgewing van kansellasie van die huurkontrak ten opsigte van Winkel Nr. 1, Sanlamgebou ontvang van Mostert Skoen Boetiek op 11 Februarie 2020, met datum van beëindiging en ontruiming op 31 Maart 2020 aanvaar word.

8.2.2 Dat Mostert Skoen Boetiek BK tot en met 31 Maart 2020 verantwoordelik sal wees vir die betaling van die huurgeld en vanaf 1 April 2020 kwytgeskeld word van alle kontraktuele verpligtinge mits huurgelde op datum betaal is tot en met 31 Maart 2020.

8.2.3 Dat Mostert Skoen Boetiek toegelaat word om die vaste aanhegtings in die winkel te laat sonder dat enige vergoeding deur die Munisipaliteit daarvoor betaalbaar sal wees.

8.2.4 Dat alle sleutels uitsluitende duplikate op 31 Maart 2020 aan die Munisipaliteit oorhandig moet word insluitende alle sekuriteitskodes ten opsigte van veiligheidsalarms.

**dkd** 8.2.5 Dat winkel No. 1, so gou as moontlik ingeruim word vir kantoor ruimte vir gebruik deur die Korporatiewe Departement.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 8.3 VERHURING VAN MUNISIPALE GRONDE

7/3/4/1/1

Raadslid Q. Louw gesekondeer deur Raadslid M.A. Kilani stel voor:

**sab** 8.3.1. Dat die Raad dringend op hoë vlak met die Departement van Grondsake en Landelike Ontwikkeling in gesprek te tree in 'n poging om die tekort aan landbougrond vir opkomende boere aan te spreek en die kleinvee boere te bemagtig..

**sab** 8.3.2. Dat 'n gespek met die Opkomende Boere te belê ten einde die kwessie van oorbeweiding aan te spreek.

**ba** 8.3.3. Dat regsadvies in gewin word met die betrekking tot die Munisipaliteit se regte om die kontrak met Kalabash Holdings te kanselleer. Voorts dat Kalabash Holdings kennis gegee word van die Raad se voorneme om die kontrak te kanseller aangesien daar tot hede geen ontwikkeling plaasgevind het nie.

**ba** 8.3.4. Dat die aanbevelings deur die Ad-Hoc Komitee rakende Hansrivier soos geneem op 27 Januarie 2020 aanvaar en goedgekeur word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

Die Speaker versoek dat aansuiweringsbegroting hanteer word.

**8.29 "2019/2020 AANSUIWERINGSBEGROTING // 2019/2020 ADJUSTMENT BUDGET"**
5/1/2/1; 5/1/2/2

Mr. C.J. Kymdell tabled the Adjustment budget 2019/2020 during the meeting and is attached as **Annexure 2.**

**dkd**

Councillor N. Constable seconded by Councillor Q. Louw proposed as follows:

1 That the adjusted operating revenue and expenditure projections as set out in table B3 be approved, and

2 That the adjusted capital expenditure and funding sources as set out in table B5 be approved.

3 That the Proposed Amendments to the 2019/2020 Top Layer SDBIP attached as Annexure 322 to 328 of the agenda, be approved.

4 That the revised budget and SDBIP be submitted to National and Provincial Treasury.

5 That no overspending of the revised budget be allowed except in cases where the provisions of section 29(1) of the MFMA can be invoked;

6 That further savings that encompasses the following must be implemented:

6.1 That all temporary workers contract be terminated with effect 31 March 2020, furthermore that fixed contract employees will be allowed to continue until their contracts expire.

6.2 That subsistence, travelling and overtime expenditure be reduced drastically.

6.3 That the sourcing of water from the reclamation plant be reduced.

6.4 That the Municipal Manager should appoint and sign a memorandum of understanding with qualifying implementation agents for the implementation of infrastructure projects.

Councillor J.J. van der Linde seconded by Councillor D.E. Welgemoed counter propose that if an income is received that income is for a specific purpose and must be allocated as specified in the budget, so based on the aforementioned the 2019/2020 Adjustment Budget cannot be approved.

The Speaker presents both proposal for voting of which the results is as follows:

6 votes in favour of the proposal of Alderman J.J. van der Linde seconded by Councillor D.E. Welgemoed.

7 votes in favour of the proposal of Councillor N. Constable seconded by Councillor Q. Louw.

**THUS RESOLVED**

**8.28 PROPOSED AMENDMENTS TO THE 2019/2020 TOP LAYER SDBIP**
5/1/4

**dcs**

Councillor N. Constable seconded by Councillor Z.J.D. Lambert proposed that the Proposed Amendments to the 2019/2020 Top Layer SDBIP attached as Annexure 322 to 328 of the agenda, be approved

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

Op hierdie tydstip synde 12:35 verdaag Speaker die vergadering sodat die Raad kan ondersoek instel na die betoging wat op die N1 plaas vind en meld dat die vergadering later weer om 13:30 sal hervat.

By hervatting van die vergadering om 14:17 is die volgende teenwoordig:

**Teenwoordig**:

**Raadshere** SM Motsoane [Speaker]
JJ van der Linde

**Raadslede** N Constable [Uitvoerende Burgemeester], Q Louw [Uitvoerende Onder-Burgemeester], L Deyce, MA Kilani, ZJD Lambert, E Lawrence en L Basson

**Afwesig:** **Raadslid** O Haarvoor, E Wentzel, AM Slabbert en DE Welgemoed

**In diens:** **Munisipale Bestuuder** [K.J. Haarhoff], **Waarnemende Direkteur: Infrastruktuur** [JFD Muller], **Direkteur: Finansiële Dienste** [CJ Kymdell], **Direkteur: Korporatiewe Dienste** [A.C. Makendlana], **Senior Administratiewe Beampte** [K. Fortuin] en **Assistent Senior Klerk: Komitees** [Winston Andrews]

Die Speaker versoek dat daar 'n koukus plaas vind en die ANC komponent verlaat die vergadering om 14:20 en sluit weer by die vergadering aan om 14:23.

Die Speaker noem slegs items 8.14, 8.15, 8.16 en 8.17 van die agenda hanteer sal word, die res van die items na die Spesiale Raadsvergadering op Woensdag, 4 Maart 2020 verwys word.

**8.14 RESIGNATION: DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES**
SP: J.F.D Muller

See Separate Minute Book.

**8.15 STAFF VACANCY: DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES**
4/3/1

See Separate Minute Book.

**8.16 REDEPLOYMENT OF CHIEF FINANCIAL OFFICER**
SP: C.J. Kymdell

See Separate Minute Book.

**8.17 PROGRESS REPORT: IMPLEMENTATION AGENT TO SOURCE FUNDING FOR IMPLEMENTATION OF INFRASTRUCTURE PROJECTS**
6/1/2/1

**mb**
**dkd**

Councillor N. Constable seconded by Councillor Q. Louw proposed that the Municipal Manager should provide a comprehensive report to Council with regard to the following:-

1. Presentation of qualifying implementation agents.
2. Appointment and signing of Memorandum of Understanding with the successful bidders.
3. Soliciting of legal opinion on the contracts to be signed to ensure that the process is legally above board in terms of applicable legislation.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

Vergadering verdaag om **14:50**.

Notule aanvaar_______________dag van ______________________________.

_______________________
**SM Motsoane**
**[Speaker]**